ISSN 0587-2405

JAARGANG 24 VOLUME
NOMMER 1 NUMBER
MAART ● MARCH
1992

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
THE UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE

IN DEO SAPIENTIAE LUX

INHOUD CONTENTS


| | | |
|---|---|---|
| The French Revolution and German literature until the death of Goethe | I Fitschen | 1 |
| The French Revolution and German literature after the death of Goethe | H-J Knobloch | 20 |
| Wetenskap en tegnologie in die laat-Middeleeue | HPP Lötter | 40 |
| Preparing a text: the printing of the Quarto editions (1622 and 1633) of Thomas May's comedy *The heir* | AM Potter | 66 |
| 'n Analise van en riglyne vir diskresionêre besluitneming deur die onderwys-bestuurder | IJ Oosthuizen & PC Van der Westhuizen | 82 |
| The prophetical preaching of the church in South Africa. A reformed perspective | PJ Rossouw | 95 |
| Die kerklike eeufeesgedenkrede van 1752. 'n Kritiese waardering | RM Britz | 110 |
| Die struktuur van religieuse begripsvorming | PJ Visagie & C Saayman | 127 |
| The future of New Testament studies within the theological curriculum | HC Van Zyl | 148 |


# acta ACADEMICA

JAARGANG 24 VOLUME
NOMMER 1 NUMBER
MAART ● MARCH
1992

## Redaksie/Editorial Staff

*Redakteur/Editor* DJ van den Berg (UOVS/UOFS)
*Adjunkredakteur/Deputy Editor* FCvN Fourie (UOVS/UOFS)
*Assistentredakteurs/ Assistant Editors* PJ Nel LS Venter JC Moll
HCJ van Rensburg (UOVS/UOFS)
*Medewerkende Redakteurs/ Contributing Editors* J Heidema (UNISA) J Mouton (RGN/HSRC)
MCJ van Rensburg (UP)
AJ Viljoen (PUCHO/PUCHE)
*Subredakteur (Afrikaans)* HJ Koch (UOVS/UOFS)
*Sub Editor (English)* MM Raftery (UOVS/UOFS)

## Redaksionele Raad/Editorial Board

*Konsultantredakteurs/ Consulting Editors* H Giliomee (UK/UCT) Ina Gräbe (UNISA)
HC Marais (RGN/HSRC) P Mohr (UNISA)
NJ Rhoodie (RGN/HSRC) P Smit (UP)
WA Landman (UP) JC van der Walt (RAU)
MCE van Schoor (UOVS/UOFS)
EB van Wyk (RAU)
KUT von Delft (UOVS/UOFS)

*Acta Academica* is 'n geakkrediteerde nasionale akademiese tydskrif wat gekeurde vakwetenskaplike en interdissiplinêre artikels in geestes- of menswetenskaplike en ander rigtings publiseer. Bydraes vanuit alle verantwoorde standpunte, oor onderwerpe uit enige vakterrein en in Afrikaans of Engels word verwelkom. Alle gepubliseerde artikels is deur vakgenote gekeur en beoordeel. Artikels wat in die tydskrif verskyn, kwalifiseer vir subsidiedoeleindes by die Departement Nasionale Opvoeding. 'n *Supplementa*-reeks, met langer of monografiese bydraes, word by geleentheid gelyklopend aan die tydskrif gepubliseer. *Acta Academica* verskyn kwartaalliks en word gratis versprei aan alle biblioteke en aan persone op 'n naamlys wat van tyd tot tyd hersaamgestel en aangevul word, onder meer op aanbeveling van skrywers. Die huidige oplaag is 1000 kopieë.

*Acta Academica* is an accredited national academic journal which publishes refereed research articles in the humanities and other sciences, as well as interdisciplinary articles. Contributions from all well-grounded viewpoints on subjects in any field of scholarship in Afrikaans or English are welcome. All published contributions were submitted for refereeing by peers and successful articles qualify for subsidy by the Department of National Education. A *Supplementa* series, containing longer or monographic contributions will be published on occasion concurrently with the journal. *Acta Academica* appears quarterly and is distributed free of charge to all libraries and to persons on an extensive list of names which will be recompiled and supplemented from time to time, also on recommendation from authors. The present circulation is 1000 copies.

Die Redakteur, *Acta Academica*,
Interne Bus 183, UOVS,
Posbus 339, Bloemfontein 9300
Tel (051) 401-2351

The Editor, *Acta Academica*,
Internal Box 183, UOFS,
PO Box 339, Bloemfontein 9300
Tel (051) 401-2351

*1992 Acta Academica 24(1): 110-126*

*RM Britz*

# Die kerklike eeufeesgedenkrede van 1752. 'n Kritiese waardering

## Samevatting

Die gedenkgeskiedskrywing in die Afrikaanse kerkhistoriografie kan teruggevoer word na die eeufeesrede van 1752. In die artikel word hierdie gedenkpreek teologies en krities ondersoek. Die vraagstelling het aan die lig gebring hoe hierdie feesbrosjure in diens staan van subjektiewe motivering en oorweging. By die gedenkdatum was nóg die geskiedenis, nóg die gereformeerde belydenis selfbepalend ten opsigte van die vertolking van die boodskap van die verlede. Die inheemse assosiasie, historiese verbandlegging en teologiese singewing eie aan die rede gaan mank aan teologiese en kritiese begrip en verantwoording. Dit het aanleiding gegee tot 'n verdere vraag: het hierdie gedenkskrif 'n patroon geskep wat hom in die nakomende kerklike gedenkliteratuur sou herhaal?

## The 1752 Cape centenary sermon. A critical analysis

On the 8th April 1752 the Cape celebrated its centenary. This occasion offered the opportunity for historical commemoration. The local Dutch Reformed and Cape-born minister, Petrus van der Spuy conducted a festive service, taking Ps 147: 12-14 as the guiding text. The sermon was published during the next year as a 28 page brochure. As a commemorative publication it inaugurated a popular genre in the Afrikaans church historiography. In this critical analysis its value and significance is assessed. Its biased theological and historical assumptions and reasoning are uncovered and discussed. As a contextual and contemporary writing, neither history (as such) nor Scripture determined the way in which Van der Spuy interpreted the message and meaning of the Cape's history.

*Dr RM Britz, Dept Ekklesiologie*
*Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300*

As 'n simboliese datum het 8 April 1752 nie ongemerk aan die Kaap verbygegaan nie. 'n Besondere bewuswording het 'n geleentheid gebied om te vier. Vir 'n ronde eeu het die VOC immers reeds "Cabo de Goede Hoop" besit. In die herdenking het die amptelike en gereformeerde kerk gedeel. Landswyd is eredienste gehou.[1] Aan die Kaap het 'n landseun wat predikant geword het, ds Petrus van der Spuy, as een van die plaaslike leraars in die kerk voorgegaan. Die daaropvolgende jaar is sy gedenkpreek as 'n brosjure met die veelseggende titel, *Dank-Altaar, Gode ter eere opgericht; of eene plegtige redenvoering, ter gelegentheid van 's Ed. Comps. hondert jaarige possessie des gouvernements van Cabo de Goede Hoop*, deur die "Boekverkopers" Van Paddenburg in Utrecht uitgegee.

Histories, en ekklesiologies, is dit 'n belangwekkende publikasie. 'n Populêre genre in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing het hom aangekondig.[2] As 'n kontekstuele geskrif weerspieël dit teologiese begrip en singewing van die geskiedenis. In terme van 'n inheemse assosiasie kom 'n gekwalifiseerde historiese verbandlegging daarin tot uitdrukking. As eietydse prediking staan dit boonop in diens van die verkondiging van die Skrif. Dit is 'n vraag of die "kerkelyke redenvoering" van 1752 die karakteristiek van die soort geskiedskrywing waaraan dit gevolg gegee het, reflekteer. Gevolglik maak die eeufeesrede aanspraak op nadere ondersoek. Dit word gedoen met verwysing na die gemeenskap en die situasie waaruit dit na vore gekom het.

## 1. Die Kaapse gemeenskap herdenk sy stigting

Die eeufeesrede van 1752 kom na vore in 'n christelike samelewing wat gestadigd van homself rekenskap begin gee het. Veral aan die Kaap en in die omliggende streke het die bewuswording van 'n eie posisie binne die geheel van die Nederlandse handels- en koloniale belange posgevat. Daaragter lê 'n besef van eie moontlikhede en ideale. Gedurende 1751 het Ryk Tulbach wat so lank reeds 'n rol in die samelewing gespeel het, goewerneur geword (vgl Joubert 1942; Muller 1980: 72-79). Dit het met nuwe verwagtings gepaard gegaan. Hy was 'n vertroueling van die gemeenskap. Hy sou die samelewing verder aan die hand van wetgewing orden.

Die amptelike Kaaps-Hollandse kerk het eweneens algaande tot selfaanvaarding en identifisering gekom. Gedurende 1746 is byvoorbeeld vir die eerste keer 'n gepubliseerde handboekie vir kategetiese onderrig uit eie geledere

1 Vir die erediens op Roodezand, sien Botha 1982: 14.

2 Brown (1973: 82) voer die gedenkgeskiedskrywing by die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis terug tot hierdie gedenkrede.





ontvang (Britz 1990: 23-40). Kerklik het die onderskeie gemeentes in dieselfde jaar in 'n "gecombineerde vergadering" met mekaar op weg gegaan. Selfstandigwording het momentum gekry en in 'n kerkverband tot uitdrukking gekom (Hurter 1975; Morrees 1937: 194 ev). 'n Reglement vir visitasie is gedurende 1752[3] aanvaar. Dit dui aan hoe die kerk in die breë na sy belange omgesien en van homself bewus geword het.

As 'n gemeenskap wat besig was om na binne homself te vind, was die Kapenaars blootgestel aan beïnvloeding van buite. So is die skokke van die Europese oorlog van 1741-1748 ook in die Kaap belewe (Geyl 1937: 472 ev, 517 ev). Vir die Kaap sou hierdie oorlog gevolge inhou. Nederland se dae as moondheid wat 'n handelsryk kon beheer, was in beginsel verby. Ná die oorlog het Willem IV uit die Huis van Oranje weer die leisels in die hand geneem, maar hy kon nie veel doen om die situasie te stabiliseer nie. Binnelands moes hy rekening hou met 'n burgerbeweging wat op politieke reg en vryheid aanspraak gemaak het.[4]

Die inisiatief "om dien dag, welke een nieuwe geboorte-stond aan ons gantsche Land verschafte, tot den openbaaren Godsdienst plegtig aftezonderen" (Van der Spuy 1753: opdragt), het van die Politieke Raad en die nuwe goewerneur, Tulbach, uitgegaan. Die feesdag en -reëlings moes De la Caille (1713-1762)[5], die beroemde Franse sterrekundige en intertyd besoeker aan die Kaap, geïmponeer het. Hy maak 'n aantekening daarvan in sy dagboek. Die middaguur is deur 'n artilleriesaluut aangekondig. Hierbenewens, lui die inskrywing, is 'n banket deur die Goewerneur aangebied. Dit is deur senior offisiere van die Franse, Deense, Engelse en Nederlandse skepe, asook persone van aansien uit die Kaapse gemeenskap, bygewoon (Raven-Hart 1976: 15). Van 'n gedenkdiens in die plaaslike gereformeerde kerk maak die Rooms-Katolieke wetenskaplike geen melding nie. Tog het die eerste landseun wat hom as predikant bekwaam het, in die "hoofplaats" in 'n erediens die Woord by hierdie geleentheid bedien.

Hy was toe ses jaar in die bediening en 30 jaar oud.

3 Tydens die sitting van 2 Februarie 1752 is die reglement vir visitasie goedgekeur. Sien *Notule van de Gecombineerde vergadering*, 30.

4 Vir hierdie beweging in Nederland, sien Romein 1961: 461 ev. Teen die agtergrond van hierdie internasionale gebeure het die gemeenskap op 8 April 1752 sy eeufees herdenk.

5 Raven-Hart het 'n geannoteerde vertaling van die *Journal historique du voyage fait au Cap de Bonne-Espérance* van De la Caille versorg. Dit is in 1976 gepubliseer vir die Vriende van SA Biblioteek in Kaapstad. Inleidend deel Raven-Hart (1976: 1-3) biografiese gegewens mee. Die grootste enkele bydrae van hierdie Rooms-Katolieke wetenskaplike was die vervanging van Halley se sterrekaart van 1677 deur 'n nuwe, waarin ongeveer 5000 sterre ingeteken is, verdeel in vier konstellasies. Van 19 April 1750 tot 8 Maart 1753 het hy vir hierdie doel aan die Kaap vertoef.

## 2. Petrus van der Spuy, Kaapse predikant en landseun

Alhoewel daar reeds in 1852 biografiese gegewens oor Van der Spuy in *De Gereformeerde Kerk-Bode*[6] voorkom, en alhoewel 'n lang lys hierby gevoeg kan word (Faure 1852: 3-4, 37; Dreyer 1932a: 298-300; Rawlins 1968: 21ev; *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* II: 800; *Standard Encyclopaedia for Southern Africa* II: 139), is die kort skets van Engelbrecht (1952a: 64 ev) in sy werkie, *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu* die beste. Van der Spuy is op 23 November 1722 aan die Kaap gebore. Hy word op agtjarige ouderdom vir akademiese skoling na Nederland gestuur. In Rotterdam word hy ingeskryf aan die beroemde Erasmiaanse Skool, waar hy hom voorberei vir universitêre opleiding. Tien jaar later skryf hy as teologiese student aan die Universiteit van Groningen in (Van Veen 1905: 481 ev). Hy voltooi sy opleiding deur in 1744 vir 'n jaar in Leiden te studeer (Woltjer 1965: 1-68). Hy word in 1746 as opvolger van ds Le Seuer (Engelbrecht 1952a:54-55) in die Kaap bevestig. Sewe jaar later word die gemeente van Drakenstein sy tweede werkkring. Na 'n onverkwiklike stryd in die gemeente (Morrees 1937: 309-334) aanvaar hy in 1781 emeritaat, waarna hy hom op Stellenbosch vestig en in die huwelik tree. Op die hoë ouderdom van 87 jaar is hy in 1809 oorlede en in die kerkhof op Stellenbosch begrawe.

Om soos Dreyer in 1932 Van der Spuy as 'n Afrikaner-predikant te beskou, is oordrewe en 'n projeksie van die eietydse historiese gewaarwording (Brown 1983: 78-90). Tog is sy ingesteldheid en benadering nie meer dié van 'n buitestaander nie. Anders as sy Nederlandsgebore kollegas is daar 'n nouer band tussen hom, die land en sy mense. Vir hom is die eeufees 'n historiese datum waarby hy die Woord bedien. Na 'n volle eeu vertolk hy die boodskap van die geskiedenis met 'n teologiese en historiese singewing. Dit het aanklank gevind en meer as die gewone belangstelling uitgelok. Lede van die Kaapse gemeenskap het aangedring op die publikasie daarvan.[7]

Meermale is oor dié redevoering aantekeninge gemaak. In 1852 het die alombekende en invloedryke Kaapse predikant Abraham Faure[8] daarna verwys.

6 Vgl *De Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika IV(5)*, 6 Maart 1852, 69-70. Dit kom van sy seun, PM van der Spuy, 43 jaar ná sy dood.

7 In sy "Voorreden aan den Christelyken en bescheiden Leezer" sinspeel Van der Spuy hierop as by verduidelik dat hy, vanweë verskeie redes, dit nie in druk sou uitgee nie, "ten ware de aanzoek der geener, wien ik achtinge toedrage, [...] tot derzelver uitgave niet genoopt hadde." Gedruk beslaan die gedenkrede 28 bladsye. Hoeveel eksemplare uiteindelik hiervan in die Kaap in omloop gekom het, is onbekend. In 1943 kon Leipoldt (1943: 7) van nog vyf rekenskap gee.

8 Vir Faure, sien Heyns 1950.





Sewentig-tagtig jaar later het ook Dreyer (1932b: 445-448) en Leipoldt[9] – om nog twee te noem – dié eerste eeufeesrede aan die vergetelheid ontruk. Die mees omvattende bespreking kom uit die pen van HDA du Toit (1947: 119 ev). 'n Homileties-historiese ondersoek bevestig dat die preek van 'n hoogstaande gehalte, streng analities en baie verstandelik is (Du Toit 1947: 119 ev; 1952: 497; Engelbrecht 1952: 99-110).

'n Ekklesiologiese (dws historiese en teologiese) verantwoording van die preek as 'n *gedenkrede* het tot dusver uitgebly. Daarby is nog nie erns gemaak met die onderliggende tendense van hierdie publikasie as 'n bewuste aanwending van die verlede by 'n historiese gedenkdatum nie.

## 3. Die "Dank-altaar, Gode ter eere opgericht" as 'n gedenkpreek op 8 April 1752

Na die uiterlike vorm van sy preek vaar Van der Spuy op die kompas van 'n algemeen en gangbare gebruik. Die "opdragt" aan persone van hoë statuur gevolg deur 'n "Voorreden aan den Christelyken en bescheiden Leezer," is kenmerkend van soveel gepubliseerde preke in Nederland, waar dit 'n algemene verskynsel in die agtiende eeu was (Knuvelder 1974: 323 ev). Die skrywer dra dit op "aan den Wel-Edelen gestrengen Heere Ryk Tulbagh" en die Politieke Raad (Van der Spuy 1753: Opdracht). Hy bedoel dit as 'n "openbaar gedenkteken van myne hoogachting [...] en van myn erkentenisse voor alle tekenen van vriendschap, waar mede U Wel-Ed. Gestrenge en Uw Achtb. my hebben gelieven te begunstigen." In die bondige "Voorreden aan de Christelyken en bescheiden Leezer" wys hy daarop dat dit nie "verwaantheid, als of een ingebeelde nieuwigheid, of gewigt aan zaakelyke uitvindingen, my noodzaakte tot uitgave deezer Redenvoering" nie (Van der Spuy 1753: Voorreden). Man-alleen is "deeze onze eerstelingen"(Van der Spuy 1753: Opdragt) nie die wêreld ingestuur nie. Dit is begelei deur 'n "Approbatie" in naam van die "professoren der Theologische Faculteit van 's Landts Hooge Schoole te Utrecht" (De Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland 1897: 292-294).

Die struktuur van die preek (Van der Spuy 1753) – "Voorafspraak", "Inleiding," "Verdeling der Textwoorden" (I en II), "Verklaaring der Textwoorden" (I en II) en 'n "Toepassing" – is eweneens geknip op die patroon van die aanvaarde Nederlandse homiletiese praktyk (Hartog 1865: 18 ev, 97 ev & 171 ev; Van der Sandt 1984: 15 ev, 113 ev, 115 ev & 172-201; Knappert 1912: 129

9 Vir Leipoldt (1943: 35) is "die preek self [...] 'n indrukwekkende voorbeeld van 'n predikant op wie elke Afrikaner met trots kan terugkyk."

ev).[10] In die *Voorafspraak* (Van der Spuy 1753: 1 ev) staan die saak wat die gemeente op 8 April 1752 byeengebring het, sowel as die wyse waarop dit volgens Van der Spuy herdenk moet word, voorop.

> Als wy, *myne gewensschte Toehoorders*, deezen dag aanmerken, en de redenen, waarom wy [...] hier zyn byeenvergaderd,

lei hy sy gemeente tot 'n teologiese en historiese begrip van die gedenkdatum,

> zo moeten onze gedagten vervuld worden met verwonderinge, [...] en onze mond met dankzegginge. Vermits wy hier alle wonderen zien van Gods lankmoedigheid, en doorlugtige bewyzen van Zyne onverdiende goedertierentheid; want deeze dag, welken wy door de Goddelyke Voorzienigheid beleeven, sluit een Eeuwgety, en leeverd ons dus uit een nieuwen geboorten dag van ons gantsche Land (1753: 1 ev).

Die teks wat hy by hierdie geleentheid kies, is reeds op die jubelklank afgepaste woorde. Hy neem dit uit Ps 147, verse 12 tot 14:

> O! Jerusalem, roemt den HEERE: O! Sion, looft uwen Godt: want hy maakt de grendelen uwer poorten sterk, hy zeegent uwe kinderen binnen in u: die uwe Landpaalen [in] vreemde stelt, hy verzadigt u met het vette der tarwe (1753: 2).

Woorde, laat hy hoor,

> onze onverweeginge ten hoogsten waardig! en wel byzonder op eenen tyd, als deezen, waar op wy teegenswoordig by malkanderen zyn gekomen, om te vieren het Jubile of's Ed. Compagnies Hondertjaarige Possessie van deezen uithoek (1753: 4).

Bepalend vir sy eksegese en interpretasie van die Psalm is die na-eksiliese datering en ontsluiting daarvan. Die Psalm kom uit en is gegrond op die geskiedenis van die Joodse ballingskap. Hy vind dus in die na-eksiliese geskiedenis van die Jode 'n gegewe waarmee die Christelike gemeente aan die Kaap in die beoefening van die geloof en met 'n begrip van hulle omstandighede en geskiedenis begelei kon word. Dit word duidelik indien 'n mens sy argument noukeurig volg.

Met vers en kapittel word die gelese gedeelte allereers verklaar (1753: 5 ev). Vers 12 is "eene zeer nadrukkelyke aanmaning tot des Heren Lof." Die volgende twee verse behandel "de [...] veelvuldige Zegeningen, die over Jerusalem en Sion van God genadiglyk waaren uitgestort." Ná die ballingskap het die Here die teruggekeerde volk geseën en behou in 'n versterkte stad, vol inwoners en met vrede geseën in 'n land met 'n oorvloedige landbouopbrengs. Laasgenoemde is volgens hom die vervulling van 'n eeue-oue voorsegging uit die Mosaïese tyd. Dit is opgeteken in Deutronomium 32: 29-30. Vers 12 en 13 gaan

10 Van der Spuy was in Leiden 'n leerling van Alberti.





dus nie om die "geestelyke Zeegeningen" nie, maar pertinent om "tydelyke Zeegeningen, welke [...] de steunsels waaren van haar gemeenebest" (1753: 8-9). Daaragter vind hy "de Goddelyke voorzorg" en "bestieringe". Hiervoor lewer die algemene Joodse geskiedenis genoegsame bewys.[11] Daarom is dit "met het hoogste regt" dat die digter die volk opwek tot verheerliking van die Here.

Begryplik genoeg laat Van der Spuy hom in die *toepassing* (1753: 14 ev) lei deur die ontsluiting van die teks in terme van die na-eksiliese geskiedenis van die Joodse volk. Uit hierdie geskiedenis laat hy die gemeente lering put. Dit is allereers 'n ernstige waarskuwing om hulle van *sonde* te weerhou, "ten einde ons met den Jooden dat zelve noodlot niet treffe, het geene de oorzaak was van haare wegvoering na Babels gevangenisse" (1753: 14 ev). Die Kapenaars en gemeente het uiteraard geen hoop op "zodanig een merkwaardige verlossing en wederbrenging, als hun te beurt viel" nie. Inteendeel, die gemeente moet eerder daarop bedag wees "dat God ons, gelyk naderhand die zelve Jooden gebeurde, met wortel en tak ten eenemaal zoude uitroeien, en zyn Evangelium overbrengen tot een ander volk dat beeter vrugten voorbragte dan wy."[12] Sonde, waarsku Van der Spuy met verwysing na die ondergang van die "vier berugte Monargien" (Assirië, Persië, Masedonië en die Romeinse Ryk), verinneweer die gemenebes. Indien "wy wilden voortgaan in de zonde", spel hy die konsekwensie aan die gemeente uit, kan "dat zelve noodlot" ook die Kaapse gemeenskap tref.

Andersins "konnen [wy] ook uit onze verklaarden woorden leeren, wat eene kragtdadige drangreeden en bemoediging, de groote dingen die de Heere voor een volk doet, behoorden te zyn, om haar voor eeuwig aan hem en zyne weegen te verbinden." Daarin gaan dit om die "erkentenisse van genootene weldaaden," en "de goedertierentheid van Gods Voorzienigheid." Versuim om die Here die lof daarvoor te gee, loop uit op die ontvlamming van sy toorn. Dit word gestaaf deur die geskiedenis van Korag, Datan en Abiram, asook dié van die sluipmoord op Julius Caesar deur sy "Zoone" Brutus. Ondankbaarheid is met ander woorde die "grootste onheusheid, en woeste onbeleefdheid" denkbaar.[13] In die lig van

11 In hierdie verband beroep hy hom op die Joodse historikus Josefus, op gegewens uit dié se werk oor die oorloë van die Jode. Met hierdie bron gaan Van der Spuy egter effe slordig om. Wat hy aanvoer as bewys, is in werklikheid 'n anakronisme. Die opgaaf van die bevolkingsgetal wat Van der Spuy by hom opdiep, is dié van 69-70 nC. Daarteenoor vind die heropbou van Jerusalem, waarvan die Psalm getuig, in die tyd ná die ballingskap plaas, dit wil sê ongeveer 440-430 vC. Dit bring 'n verskil van meer as 5 eeue mee. Desnieteenstaande bly dit 'n feit dat Jerusalem tog weer bevolk is.

12 Van der Spuy sinspeel hier op Matt 21: 43: "Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan 'n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal oplewer."

13 Selfs digters en filosowe uit die (Grieks-Romeinse) heidendom het die waarde en noodsaak van dankbaarheid ingesien en dit beklemtoon. Dit word uiteraard ook

sy argument vra Van der Spuy die toepaslike vraag: "Roept ons niet deze dag tot dankzeggingen, dat ons gantsche leven niet moet eindigen? hebben wy nu niet zo wel oorzake om God te roemen en te loven als eertyds Israël?" (1753: 19).

Ten einde die appèl by die gedenkdatum te versterk, voorsien Van der Spuy dit van 'n historiese bewysgrond. Hoe doen hy dit? Deur 'n verband te lê tussen die Kaapse geskiedenis en dié van die na-eksiliese verbondsvolk. Die bedoeling is uiteraard duidelik. Die Kaapse gemeenskap en die kerk moes iets van homself en sy eie verlede ontdek in die geskiedenis waarop Ps 147: 13 & 14 stoel. Die feesgeleentheid word aangelê as die insident of gebeurtenis wat hierdie historiese verbandlegging nie net moes inskerp nie, maar ook by die gemeente moes inprent. Die behendige wyse waarop Van der Spuy beide "geskiedenisse" op mekaar betrek, moet in die lig van die vraagstelling op die voet gevolg word.

## 4. Die historiese verbandlegging: Jerusalem en die Kaap van Goeie Hoop

In vier aangeleentheide het die Here God Jerusalem ná die ballingskap herstel: (a) die stad is weer 'n keer opgebou as 'n vesting, (b) herbevolk, (c) met vrede en (d) met 'n uitsonderlike landbouopbrengs geseën. Net so het Hy, volgens Van der Spuy, in sy goedheid die Kaap (a) van 'n sterk vesting, (b) baie inwoners, (c) vrede en (d) 'n vrugbare landbouproduksie voorsien (1753: 19 ev). Die Kaap se eie geskiedenis is hiervan 'n klaarblyklike bevestiging.

Hy bring egter nie 'n volledige verhaling daarvan byeen nie. "Ik zoude," verantwoord by homself, "het bestek van een Leerrede te buiten gaan, indien ik my zoude uytlaten in eene breedvoerige beschryvinge van die gesteltheid dezes uythoeks, zo voor, als na dat de E. Maatschappy daar van possessie gehad heeft" (1753: 19-20). Nietemin begin die Kaapse geskiedenis by die ontdekkingsreise van die Portugese in die era vóór die VOC permanent daarvan besit geneem het.[14] Hieraan gaan hy eintlik verby. Meer gewig val op Jan van Riebeeck wat op 8 April 1652 in die naam van die VOC "het bezit van dezelve" geneem het. Dit is gedoen, sê Van der Spuy, vanweë "de nuttigheid der wilde gewassen," en

bevestig deur die algemene natuur- of sedereg: "Wat kan er onnatuurlyker, of wanschikkelyker zyn, als agteloos te weezen omtrent zyn begunstiger en weldoener?" Sien ook bladsy 17 en vergelyk bladsy 15: "De Heidenen zeiden, dat de aardbodem geen ondraagelyker wangedrogt voortbrengt als een ondankbaar mensch."

14 Die stigting van die VOC skat hy op 1600. Dit was egter in 1602, presies 150 jaar tevore.





omdat die Kaap 'n "aangename oort" is. Dit kon dus met geringe moeite "tot groot voordeel van de maatschappy, tot eene schone Ververzingsplaats [...] aangelegt worden." Sedert Van Riebeeck "als Hoofd van de eerste Volkplanting" aangeland het, het die gemeenskap in voorspoed ontplooi en ontwikkel. Hieruit lei hy af dat "God tot hier toe de grendelen onzer poorten heeft sterk gemaakt." Die uitbreiding van die volkplanting en die voorspoed van sy inwoners bevestig dus dat God "het ons [doed] welgaan in dit goede land, waar in wy wonen" (1753: 21).

Hierbenewens wys die Kaapse predikant sy gehoor daarop dat, net soos in die geval van die toendertydse Jerusalem, "geen vyand [...] tot dezen tyd toe onze ruste, nog vrede [heeft] gestoort" (1753: 21). Daarvan getuig "zo eene merkwaardige verlossinge als de Heere onlangs aan ons heeft te wege gebragt". Wat hy in gedagte het, is die afloop van die Oostenrykse Opvolgingsoorlog (1741-1747) (Boucher 1985: 134 ev). In Nederland het hy die oorlog belewe. Die geskil waarin die belangrikste Europese moondhede teenoor mekaar te staan gekom het, is onderling uitgeveg. Nederland is hierby ingesleep en het saam met Brittanje veral teen Frankryk die wapen opgeneem. Dit was nie 'n uitgemaakte saak dat die Kaap sy band met Nederland sou behou nie. Die tydige tussenkoms van die Britse vloot, "eene onzer Bondgenooten" (Van der Spuy 1753: 21; Le Roux 1941: 78 ev) aan die Kaap, het hierdie vrees uit die weg geruim. Dié tussenkoms interpreteer Van der Spuy met verwysing na Ps 124 (Van der Spuy 1753: 21 ev). "Dit was van Jehovah geschied en het is wonderlyk in onze oogen." Daardeur is hulle immers nie van hulle "Goederen, Godsdienst, en Vryheid" (1753: 21) beroof nie.

"Maar eindelyk," bepaal hy hom by die laaste aspek, "mogen wy ook zeggen, dat wy verzadigt worden met het vette der tarwen" (1753: 22). Dit het eweneens hulle deel geword deur die toedoen van die algenoegsame God. Dit geskied op so 'n wyse dat God

> ons met Israël doet ryden op de hoogten der Aarde, dat wy eeten de inkomsten des velts: hy doet ons honig zuygen uit de Steenrotsen. Deut. XXXII. vers 13. Ende olie uyt de keyen der rotzen: boter van Koeien, en melk van klein Vee, met het vette der Lammeren, en der Rammen, die in onze Velden weiden, met het vette der nieren van Tarwe: ende het druyven bloed, reinen Wyn, hebt gy gedronken, vers 14 (1753: 22).

So lê hy 'n direkte verband tussen die Kaapse gemeenskap en Israel. Trouens, dit laat hom uitroep:

> Welsgelukzalig zyt gy dan, O Caaps Israel! wie is u gelyk? gy zyt een volk verlost door de Here, den Schilt uwer hulpe, ende die het Swaart is uwer hoogheid: daarom zullen zig uwe vyanden u geveinsdelyk onderwerpen, ende gy zult op hare hoogten treden. Deut. XXXIII. vers 29 (1753: 22-23).

In die lig van hierdie historiese verbandlegging vra Van der Spuy uiteindelik:

> Wat een goed Land heeft de Heere ons niet gegeeven, om te bewoonen?

> [...] Wat geschiedenis kan ons zulk eene verbazende aaneenschakeling van goedertierenthede uytleveren, dan die met welke wy zedert onze grondlegginge tot nu toe, zyn overladen geworden? (1753: 23).

Daarom moet die gemeente by die gedenkgeleentheid die eer en aanbidding toebring aan die Here, uit Wie se hand hulle soveel seëninge met die verloop van tyd ontvang het. Natuurlik waarsku hy ook:

> Maar indien wy in dezen dag niet willen bekennen het geene tot onze vrede dient, dan zullen wy zelf de oorzaak van ons verderf zyn, en ons bloot leggen voor de straffen des Heemels, dat God genadiglyk verhoede! (1753: 24).

Daarom moet hulle hul harte ondersoek en die eer aan die Here bring. Dit sou "voor ons en onze nakomelingen" (1753: 24) 'n gelukkige tuiste vir die toekoms verseker.

Die gemeente kan dus uit die preek niks anders verstaan nie as dat hulle 'n lofverheffing aan God verskuldig is. Daarvoor is die besondere gedenkdag 'n uitnemende geleentheid. Die gedenkpreek is ingestel op nadenke oor die verlede en die land waarin hulle woon. Die prediker lei sy gemeente aan die hand van die Skrif om in hulle verlede en in hulle omstandighede bevestiging te vind van die besondere ontferming van God. As gebore Kapenaar was hy die eerste om dit te doen. Hy bring die besitname in verband met 'n handeling van God.

> Wat een goed Land heeft de Heere ons niet gegeeven, om te bewoonen? [...] God heeft hier zyn genaderyke inwoning genomen, wy zyn na zyn name genoemt, hy is onze God, wy zyn Volk en Eygendom, hy onze Koning, wy zyn Onderdanen (1753: 23).

God is in hulle geskiedenis besig en het daaraan beslag gegee.

## 5. Die teologiese singewing van die Kaapse geskiedenis

Naas die historiese verbandlegging is die vertolking van 'n teologiese singewing die tweede aspek van die gedenkrede wat aanspraak maak op oorweging. Deur die historiese verbandlegging vernuftig in verband met die Skrif en God te bring, skep Van der Spuy die moontlikheid om deur te stoot tot so 'n singewing. Dit hang allereers saam met 'n oorhoofse geskiedbeskouing.

In sy interpretasie van die geskiedenis begroot hy vir sowel die barmhartigheid as die toorn van God. Hy laat die klem aan die een kant op die goeie dade van God in die geskiedenis val. Terselfdertyd skroom hy nie om aan te toon hoe God óók in sy gerig in die geskiedenis opgetree het nie (1753: 16-17). Soos die geskiedenis vol bewyse is van die barmhartigheid van God, so is dit ewe vol





bewyse van sy oordeel.[15] Uiteraard korreleer dit met die moedswillige menslike ontkenning of miskenning van God se barmhartigheid in die geskiedenis. Die geskiedenis is dus nie net getuie van die goedheid van God nie, maar gee ook blyke daarvan dat God met straffende en regverdige toorn daarin kan ingryp. In sy geheel is hierdie visie gesny uit die hout van die Bybelse Ou-Testamentiese geskiedopvatting (Van't Spijker 1977: 9 ev; Berkhof 1979: 37 ev).

In die Kaapse geskiedenis en situasie vind hy, anders as by die geskiedenis van die Jode én die van die antieke wêreld, geen aanduiding van 'n toornige ingrype van God nie. Inteendeel, die goeie waarin die Kaapse gemeenskap deel en waarvan hul geskiedenis 'n onweerlegbare getuie is, is deur God "voorsien". Op hierdie wyse laat Van der Spuy die voorsienigheid van God korreleer met 'n historiese situasie sowel as materiële welvaart. God is vanweë sy voorsienige toedoen by die geskiedenis en die historiese omstandighede soos dit aan die Kaap belewe is, betrokke. Sy seënende hand rus daarop. Uit die geskiedenis en omstandighede is dit kenbaar, of ten minste afleibaar.

Daarom roep Van der Spuy die gemeente op tot 'n dankbare erkenning van die ontferming van God in hulle eie geskiedenis. Dit is maklik om in te sien dat hy hiermee weer 'n keer appèl by sy gehoor ter wille van die evangelie wil aanteken. Negering daarvan beteken (per implikasie) dat God met toorn in hulle geskiedenis sal optree. So word die feit van die voorsienige betrokkenheid van God by die Kaapse gemeenskap in diens gestel van die appèl wat 'n toegewyde en dankbare lewe in die oog het.

## 6. 'n Inheemse assosiasie

Beskou 'n mens die *Dank-Altaar* van 1752 as 'n gedenkskif, is daar nog 'n derde aangeleentheid, naamlik 'n onderliggende inheemse assosiasie, wat opval. Afgesien daarvan dat die historiese verbandlegging en teologiese singewing op sigself al uitdrukking is van 'n inheemse vertolking of assosiasie, is daar nog enkele ander sake in die gedenkrede wat hierop dui. Opvallend is die positiewe evaluering van "dit goede Land waarin wy wonen" (Van der Spuy 1753: 21) – as 'n gemeenskaplike bodem. By Van der Spuy is dit uitdrukking van lewenservaring – 'n ervaring wat aandring op 'n dankbare erkentlikheid

15 Daarvan getuig die geskiedenis van die Jode. Die weg van sonde waarop hulle uitgegaan het, het hulle in die doodloopstraat van God se toorn gebring. Hierdie Skriftuurlike waarheid word, volgens hom, ook deur die klassieke wêreldgeskiedenis bewys. Ook in hierdie verband werk Van der Spuy met 'n bekende inbeelding, naamlik dié van die val van die vier wêreldryke uit die boek Daniël. Ook die Bybelse geskiedenis van Korag, Datan en Abiram, sowel as die verwoesting van Sodom en Gemorra is hiervan 'n sprekende bewys.

teenoor God, die gewer en beskikker daarvan. Van die gemeenskap wat hierdie bodem deel, het hy eweneens 'n positiewe indruk. Dit het ontwikkel en gegroei. Die land is betree en suksesvol bewerk. Sy positiewe tipering blyk veral uit die woord van gelukwense wat hy aan die "Inwoonders en Burgeren" voorhou. "Onze grootste roem," gaan hy voort, "[bestaat] in [...] onze Overigheid" (1753: 26). Sonder dwinglandy en baatsug word die regering aan die Kaap waargeneem. Die owerheid het "onze twee dierbaare panden van Godsdienst, en Vryheid in uwen schoot, zo heilig, zo ongeschonden, zo teder bewaart" (1753: 26). Weereens pleit hy die seën van die Here af op die land:

> Jehovah stelle het zelve hoe langs hoe meer tot een toneel van zyne wondere, en laat het zyn en blyven een Land van Immanuël, waar over zyn oog is van het begin tot aan het einde des Jaars! (1753: 27).

Dit is taal wat van innerlike verbondenheid spreek. Die inheemse assosiasie word verder gereflekteer in die besondere waarde en funksie wat hy aan die Kaap, binne die geheel van die Oos-Indiese handelsonderneming, toeken:

> Gezegende uythoek, zonder welke nooit de Mogentheid der Maatschappy ten hoogsten top gevoert zoude zyn geworden, groei en bloei lang tot welzyn der Maatschappy, tot troost der Zeevaart; weest zo lang Europa in het Oosten den Handel dryft, de aangename toevlugt van de geene, die Handel dryven op die groote Wateren! (1753: 25).

Die Kaap is 'n onontbeerlike hoeksteen van die handelsryk van die Oos-Indiese Kompanjie. Dit getuig van een ding: Van der Spuy dink hom die Kaap in as 'n permanente samelewing. As sodanig het dit 'n betekenisvolle rol in die opbou van die Nederlands-Oos-Indiese handelsonderneming gehad.

Die feesredenaar stempel dus sy eeufeesrede met 'n eie assosiasie en vertolking. In die terme van sy argument veronderstel hy 'n christelike samelewing wat in 'n gemeenskaplike oriëntering die hede en verlede inklee. Daaroor kan geen twyfel bestaan nie.

Om saam te vat. By die gedenkdatum laat ds Van der Spuy die bediening van die Woord dus teregkom in 'n historiese verbandlegging, uitgedruk in terme van die teologiese singewing binne die raam van 'n kontekstuele assosiasie. In die volgende afdeling word hierdie aspekte van naderby beskou. Dit is immers nie waardevry beredeneer nie. Dit getuig van selektiewe en subjektiewe oorweging waarin die Skrif in teologiese vooronderstelling en kontekstuele vertolking bygehaal is.

## 7. Enkele kritiese aantekeninge: Refleksie van 'n tendens?

Van der Spuy ken aan die geskiedenis wat aan die Psalm beslag gegee het, 'n





besondere primaat toe. In sy eksegetiese omgang met die teks staan dit voorop en word inderdaad tot die baantjie van onderwyser verhef. Tewens, ook die buitebybelse geskiedenis en die algemene sedereg word ingespan om die lesse daarvan te bevestig. Oor hoe hierdie benadering die moontlikheid skep om by die gemeente appèl aan te teken, is hierbo reeds aangetoon. Máár, met só 'n aksentuering ry Van der Spuy die teologiese en *heilhistoriese* intensie van die teks in die wiele (Greidanus 1970). Nóg die Skrif, nóg die geskiedenis kom in die beredenering tot hulle reg. Dit is duidelik dat die teks met teologiese veronderstelling ongenuanseerd by 'n gedenkdatum betrek word.

Dieselfde is waar ten opsigte van die manier waarop Van der Spuy die Kaapse verlede in sy argument aanwend en van toepassing maak. Om Deut 33: 29 profeties op die Kaapse gemeenskap te laat slaan, is bedenklik. Daarby is sy oorweging ook nie om die geskiedenis as sodanig selfbepalend aan die woord te stel nie. Die boodskap van die geskiedenis staan ver verwyderd van die historiese gebeure sélf. Laasgenoemde is eenvoudig nie deurslaggewend vir die vertolking nie. Eintlik gaan dit om aanwending of gebruik (Geyl 1937) van die geskiedenis ter wille van die feesgeleentheid.

Hoewel dit passend en treffend aangewend word, gaan dit in die gedenkrede om 'n gekwalifiseerde uitleg waarin die teks en Skrif nie tot sy reg kom nie. Die lastige vraag is of die Skrif nie óf bewysvoerend, óf as 'n onderbou vir 'n bepaalde historiese inbeelding en die gebruik daarvan, ingespan word nie. Slaag hy daarin om met dié soort Skrifverstaan en -hantering die teologiese gerigtheid op die Here van die geskiedenis end-uit te behou? Word die geskiedenis of die (in)beeld(ing) daarvan nie 'n bevestigingsbron naas die Skrif nie? Word die heilshistoriese werk en betekenis van Christus, wat teoreties nie begrond kan word nie, maar vir die uitleg van die Skrif (en begrip van die geskiedenis) van kardinale belang is, geïgnoreer?

In aansluiting by hierdie vraagstelling kan 'n mens vra of hy die historiese handelinge van God in dieselfde sin as die wyse waarop dit in die Ou Testament en die Skrif verkondig word, verreken? Dink hy Bybels en, soos die aanvaarde gereformeerde belydenisskrifte, genuanseerd genoeg hieroor? Hy maak nie onderskeid tussen kerkgeskiedenis, heilsgeskiedenis en wêreldgeskiedenis nie (Van't Spijker: 1981: 165 ev). Alles kom op een lyn te staan. Die geskiedenis is, of dit "Bybels" of "algemeen" of "Joods" (of "Kaaps") is, deel van God se huishouding, meer pertinent, sy voorsienigheid. Dit lê oop voor Hom en Hy tree barmhartig en toornig daarin op. Verskillende geskiedenisse[16] en historiese

16 Hierbenewens gebruik hy in sy prediking verskillende "geskiedenisse", en dít sonder onderskeid. Hulle dien dieselfde doel. Allereers is daar (a) "Bybelse geskiedenis", wat saamhang met (b) die geskiedenis van die Joodse volk. Hiernaas verwys hy ook na (c) die antieke wêreld- en klassieke geskiedenis. Laastens haal hy (d) die Kaapse geskiedenis by.

situasies is bewys hiervan. Daarom is so 'n geskiedbeskouing nuttig tot lering. Maar, daarmee het hy die (heils-)historiese gebeure van Golgota totaal buite rekening gelaat (Berkhof 1979: 57 ev; Van 't Spijker 1981).

Sy fisiese opvatting van die voorsienigheid van God laat hom dus aan die allesbepalende vleeswording en versoening van Christus verbygaan. Hierteenoor het die reformatore en die reformatoriese belydenisskrifte die voorsienigheid onlosmaaklik vanuit die Middelaar wat God voorsien het, begryp en bely. Van der Spuy haal dit uit die Christologiese omlysting, omdat hy die onderskeid tussen heilsgeskeidenis en wêreldgeskiedenis nie verantwoord nie. Op sy beurt moet dit weer in verband gesien word met die wyse waarop hy die Ou-Testamentiese en Bybelse geskiedvisie nie na sy wesenlike heilshistoriese sin opvat nie. Teen sy bedoeling in beroof hy dus sy teologiese singewing van 'n eg-Bybelse karakterisering.

Die laaste aspek waarop gewys is, naamlik die inheemse assosiasie, is óók nie sonder subjektiewe oriëntering en betrokkenheid nie. Dit is duidelik dat 'n Kapenaar wat hom met die strewe en benadering van die Goewerneur en Politieke Raad vereenselwig het, by die eeufees die woord neem. Die kritiese vraag is of die optimistiese weergawe van die Kaapse samelewing met die werklikheid korrespondeer het. De la Caille het in sy dagboek klagtes van die inwoners aangeteken. Volgens hom was hulle ontevrede omdat hulle nie toegelaat is om koring aan vreemdelinge te verkoop, of om met skepe langs die kus van Afrika handel te dryf nie. Daarbenewens was die rentekoers op lenings te hoog. Die Chinese wat uit Batavia aangekom het, is as ongewens beskou (Raven-Hart 1976: 35). Die aard van die klagtes dui daarop dat dit sy oorsprong nie onder die amptenary in die Kaap gehad het nie. Van der Spuy (1753: 26) verwys sydelings na 'n tweespalt in die samelewing as hy teenoor die goewerneur en Politieke Raad die bede uitspreek dat "door u wys beleid de helsche tweedragt geweert" mag word. Wat hy hier in die oog het, kan net geraai word. Feit is dat daar met die eeufees tog meningsverskille in die Kaapse samelewing was. Van der Spuy ignoreer dit eintlik vanuit sy histories-teologiese motivering en benadering. Tot historiese ondersoek en weergawe kom hy nie. Hy laat hom net lei deur 'n historiese bewussyn wat hy by die gedenkfees willekeurig inklee.

Die wyse waarop hierdie drie grondliggende aspekte van die eeufeespreek in die vertolking van die boodskap van die geskiedenis ingespan word, getuig van 'n tendensieuse inkleding. Klaarblyklik het die geleentheid, én die aanvaarde manier waarop dit behoort gevier te word, 'n kritiese en teologiese verantwoording daarvan die loef afgesteek.

## 8. Samevatting

Uit alles wat tot dusver gesê is, moet dit duidelik blyk dat die heel eerste gedenkskrif in die Suid-Afrikaanse kerkhistoriografie nie sonder 'n ekklesiologiese problematiek van sy eie was nie. In die historiese verbandlegging, kontekstuele assosiasie en teologiese singewing het 'n konfessionele en kritiese verantwoording in die slag gebly. Is hiermee 'n kontoer getrek waarop die nakomende kerklike gedenkliteratuur sou oriënteer? Net 'n teologies-kritiese verantwoording van hierdie belangrike genre in ons kerkhistoriografie sal die vraag bo alle twyfel beantwoord.





## Bibliografie


BERKHOF H
1979. *Christ: The meaning of history.* Grand Rapids: Baker Book House.

BOTHA DC
1982. *Die kerk op Tulbach 1743-1835.* Ongepub MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

BOUCHER M
1985. *The Cape of Good Hope and foreign contacts 1745-1755.* Pretoria: UNISA.

BRITZ RM
1990. Die kerkhistoriese belang van die *Korte Schets der Goddelijke Waerheden,* 'n katkisasiehandboek vir die Kaaps-Hollandse Kerk uit die 18de eeu. *Acta Theologica* 10(1): 23-40.

BRONSVELD AW
1873. *Schetsen uit het godsdienstig en kerkelijke leven in de vorige eeuw.* Amsterdam: B van der Land.

BROWN E
1973. *Gemeentegeskiedskrywing van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis – 'n kompilasie en kerkhistoriese oorsig.* Durban: [su].
1983. Geskiedskrywing by die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), 'n oorsigtelike tipering. *Studia Historiae Ecclesiasticae* 9: 62-105.

DE SYNODE VAN DE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND
1897. *Kerkelijke handboekje.* [uitgewer onbekend].

DREYER A

1924. *Eeuwfeest-Album van de Nederduits Gereformeerde-Kerk in Zuid-Afrika 1824-1924.* Kaapstad: Publicatie-kommissie van de ZA Bijbelvereniging.

1932a. By die portret van Ds Petrus van der Spuy. *De Kerkbode* 30(7): 298-300.

1932b. Die eerste eeufeesviering van Suid-Afrika. *De Kerkbode* 30(10): 445-448.

DU TOIT HDA

1947. *Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 'n Histories-homiletiese studie.* Ongepub DD-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

1952. Vorige eeufeespreke. *Die Kerkbode* 49(11): 496-499, 505.

ENGELBRECHT SP

1952a. *Die Kaapse predikante van die sewentiende en agtiende eeu.* Pretoria: HAUM-JH de Bussy.

1952b. Die vierings van die eerste en tweede eeufeeste ter herinnering aan die koms van Jan van Riebeeck. *Almanak van die Ned Herv Kerk van Afrika* 46: 99-125.

FAURE A

1852. *Redenvoering bij het Tweede Eeu-Feest, ter herinnering aan de vestiging van de Christelijke Kerk in Zuid-Afrika.* Kaapstad: Van de Sandt, de Villiers & Tier.

GEYL P

1936. *Gebruik en misbruik der geschiedenis.* Groningen: Wolters.

1937. *Geschiedenis van de Nederlandse Stam III.* Amsterdam: Wereldbibliotheek.

GREYDANUS S

1970. *Sola Scriptura. Problems and principles in preaching historical texts.* Toronto: Wedge.

HARTOG J

1865. *Geschiedenis van de predikunde en de evangelieprediking in die protestantsche kerk van Nederland.* Amsterdam: KH Shadd.

HEYNS HA

1950. Die kerklike werksaamhede van Abraham Faure. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(1): 29-128a.

HURTER PW

1975. *Die eerste meerdere vergadering aan die Kaap (1745-1759) – 'n inleidende verkenning van en vraagstelling ivm die bestaande notules en beskikbare korrespondensie.* Ongepub Lisensiaat-skripsie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

JOUBERT JJF

1942. *Die Kaapkolonie onder Ryk Tulbach (1751-1771).* Ongepub MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

KERKRAAD, PAARL

1941. *Kwartmilleniumgedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente, Paarl. 'n Oorsig van die geskiedenis van die gemeente 1691-1941.* Paarl: NG Kerkraad.

KNAPPERT L

1912. *Geschiedenis der Hervormde Kerk onder de Repupliek en het Koninkryk der Nederlanden. II: Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende de 18e en 19e eeuw.* Amsterdam: Meulenhof.

KNUVELDER GPM

1974. *Beknopt handboek tot de*





*geschiedenis der Nederlandse letterkunde.* 's-Hertogenbosch: Malmberg.

LEIPOLDT CL

1943. 'n Skaars stukkie Africana. *Die Huisgenoot* 28(1128): 6, 7, 35.

LE ROUX GA

1941. *Europese oorloë en die Kaap (1652-1795).* Ongepub MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

MOORREES A

1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873.* Kaapstad: SA Bybelvereniging.

MULLER CFJ (RED)

1980. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

RAVEN-HART R (ED)

1976. *Travels at the Cape 1751-53; an annotated translation of "Journal historique du voyage fait au Cap de bonne-Esperance" into which has been interpolated relevant passages from "Memoirs de L'Acadè De La Caille, Nicolas Louis."* Rotterdam: AA Balkema.

RAWLINS AJB

1968. Eerste predikant uit eie bodem. *Die Voorligter* 31(12): 21.

ROBERTSON W

1852. Aan de Redactie. *De Gereformeerde Kerk-Bode in Zuid-Afrika* 4(5): 69-74.

ROMEIN J

1961. *De Lage Landen bij de zee. Geillustreerde geschiedenis van het Nederlandsche volk van Duinkerken tot Delfzijl.* Utrecht: W de Haan.

SYNODE VAN DE GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND

1897. *Kerkelijke Handboekje, Zijnde een kort uittreksel, van de voornaamste acten der Nationale en Provinciale Synoden, betrekkelijk de zuiverheid der Leere, rust der kerke, enz. Alsmede de Post-Acta of Nahandelingen van het Nationale Synode van Dordtrecht, gehouden in de Jaren 1618 en 1619 zeer dienstig en noodig voor Predikanten en Kerkraden met eene voorrede.* Kampen: GP Zalsman.

VAN DER SANDT HWM

1984. *Joan Alberti, een Nederlandse theoloog en classicus in de achtiende eeuw.* Utrecht: Drukkerij Elinkwijk.

VAN DER SPUY P

1753. *Dank-Altaar, Gode ter eere opgericht; of eene plechtige redevoering ter gelegenheid van 's Ed. Comps. Hondert Jaarige Possessie des Gouvernements van Cabo de Goede Hoop.* Utrecht: Van Paddenburg.

VAN 'T SPIJKER W

1977. *Reformatie en geschiedenis.* Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

1981. *Triptiek van de geschiedenis. De verhouding tussen wereld-, heils- en kerkgeschiedenis.* Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

VAN VEEN SD

1905. *Historische studiën en schetsen.* Groningen: JB Wolters.

WOLTJER JJ

1965. *De Leidse Universiteit in verlede en heden.* Leiden: Leiden Universitaire Pers.

# Instructions to authors

1. Manuscripts may be submitted in Afrikaans or English. The desired length of articles is 7 000 words, while 4 500 words is regarded as the minimum and 11 000 as the maximum.

2. Two types copies of manuscripts must be submitted. In addition submission on computer disc in *MS-Word* may expedite publication. Unstyled computer text from the following programmes in addition to unformatted ASCII text is also accepted: *WordStar*, *WordPerfect*, *XyWrite*, *MultiMate*, *PRN-to-Table*, *Writer* and standard *DCA* format files. A set of instructions for preparation of computer text is available. In general, word processing should be kept as simple as possible.

3. When submitted, manuscripts must be in finally edited, carefully redacted and well-finished form. The Editorial Staff places a high premium on readability, fluency of style and clear exposition.

4. Manuscripts are considered for publication on condition that the Editor reserves the right to make such alterations as he sees fit to bring the style and presentation into line with the practice of the Editorial Staff. If considerable changes are necessary, the manuscript may be returned to the author for correction or approval. Copyright is transferred to *Acta Academica* on acceptance for publication.

5. Titles should be short and concise. Supply suitable headings and subtitles where necessary. Number sections and subsections by means of Arabic figures and full stops, that is 3. is followed by 3.1 and 3.1.1 (up to a maximum of three levels).

6. Source references in the text must be in the Harvard style with only the author's surname (Coetzee 1986:234-245).

7. Footnotes should be limited to genuine footnotes, that is, notes about the contents which contain relevant and essential elucidation of the text. Limit the number of footnotes to the minimum. Footnotes must be given on a separate page, consecutively numbered and in double spacing. The position of the note must be indicated in the text in Arabic figures in superscript, without any brackets.

8. A complete bibliography in the Harvard style must be provided, giving all relevant details. List all sources in the form of an alphabetical list according to author, in the following basic format:

Coetzee HJ
1977. Inflation in South Africa. *Acta economica* 27(3):17-36.
Snyman AL
1986. Human rights in political reform. Van Rensburg 1986:1-34.
Van Rensburg CD (ed)
1986. *Human rights in South Africa*. 2nd ed. Pretoria: HAUM.

9. Avoid abbreviations and acronyms. Rather write the word out in full (except where an acronym, for example SABC, is stereotyped or used repeatedly).

10. Italics should not be used excessively; if used, this should be to indicate emphasis. Stereotyped Latin terms such as *per se* must be italicized. Generally, words in languages other than that of the manuscript should be given in quotation marks.

11. Statistical and other tables must have brief headings. Limit the number of tables, and also the use of mathematical or similar symbols and expressions to a minimum.

12. Diagrams, sketches and graphs must be submitted on separate sheets of paper ready for duplication. Computer graphics done on laser printer are also acceptable. Each diagram must have a short, explanatory heading.

13. If applicable, full details of the origin of the article (for example a paper at a congress) must be provided.

14. Two summaries of *not less than 100 and not more than 120 words* each in English and Afrikaans must be included.

15. Authors are invited to submit the names, addresses and specialist fields of up to three persons (not from the institution where they are employed) who can be used as referees. The editorial staff will try to use at least one of them. Refereeing is always done anonymously.

16. The author of the article receives one free copy of the relevant edition of the journal, and 30 reprints of the article.

17. More detailed instructions and advice to authors are available from the Editor on request. If a specific field of study requires another style of reference than the Harvard style, a special request may be addressed to the Editor.

18. Send manuscripts (and a disc if possible) to: The Editor, *Acta Academica*, Internal Box 183, UOFS, PO Box 339, Bloemfontein 9300. Tel. (051) 401-2351.